

Prospektus Robertson Voorbereidingskool

Reitzstraat 50
Robertson
6705

Telefoon : (023) 626 3139

Epos :

Navrae : algemeen@rvs.co.za

Finansies : admin@rvs.co.za

Skoolhoof : skoolhoof@rvs.co.za

SKOOLHOOF : Mev. S. Prins

Inhoudsopgawe

Geskiedenis van Robertson Voorbereiding

Skoollied

Visie en missie

Graad R afdeling

Gr. 1-3

Gedragkode van leerders

Skoolreëls

Die dissiplinêre stelsel

’n Laaste woord

Geskiedenis van Robertson Voorbereiding

Aanvanklik is die skoolgebou van die N.G Kerk gehuur. Dit het subst. A tot St.10 gehuisves.

In 1894 koop die bestuurskomitee die skoolgebou van die kerkraad.

In 1899 is die gebou vergroot deur 'n boulening toegestaan deur die S.G.O.

In 1906 word 4 klaskamers aangebou.

In 1907 is vyf lokale gehuur om al die leerlinge te huisves.

In 1908 volg verdere aanbouings.

In 1913 ontbind die Hoërskool en word die meisies in die gebou van die Meisjes Hoge School en die seuns voorlopig in die Gimnasium gehuisves.

In 1920 trek die seuns oor na die huidige Laerskool.

In 1928 amalgameer die Hoërskoolgedeelte en word hulle in die destydse Opleidingskollege gehuisves.

In 1981 amalgameer die Laerskole en 'n Voorbereidingskool word gestig.

In 1983 word daar aansoek gedoen om 'n pre-primêre klas by die Voorbereidingskool te begin.

Konsensus word bereik met Fledgelings Pre-Primêre skool.

In 1985 word die H-vormige gebou ingewy. Hierdie gebou word steeds as die Pre-Primêr gebruik.

Skoolhoofde : Me. M. van Rensburg (1981-1991), Mnr. L. Liebenberg (1992-1995)

Mev. S.C. Smit (1996-2011), Mev. S.Prins (2012-huigdig)

Skoollied

Hoër en Hoër sal ons bou

By berge verby na die hemel so blou

Hande saam vir die R.V.S

Werk getrou is ons skool se les.

Die sterretjies vonkel, die wind sing saam

Hou hoog die eer van ons skool se naam.

Hoera vir die skool waar ons klein begin.

Hoera vir die plek waar ons leer en sing.

Vorentoe, vorentoe almal saam,

Hou hoog ons skool se goeie naam.

Ons bid ons hande saam gevou:

Maak ons O Heer in ons werk getrou.

Dat ons in huis en skool U mag dien.

In vrede en liefde ons lewe begin.

Visie

’n Strewe om Robertson Voorbereidingskool
met effektiewe en gehalte-onderrig in afhanklikheid
van God te bedryf en opvoeding in
vennootskap met die ouerhuis te verskaf

Missie

**Die Voorbereidingskool Robertson streef daarna om in Robertson ’n
uitnemende skool daar te stel wat:**

- Gegrond is op Christelike waardes en norme.
- ’n Unieke en eiesoortige karakter het.
- Elke kind sal lei tot die besef dat hy/sy uniek is en daarom baie spesiaal is.
- Vir elke leerder billike, regverdige geleenthede wil skep binne sy/haar vermoë.
- Opvoeding en onderrig in Afrikaans en Engels aan elke leerder verskaf.
- Gebalanseerde, gelukkige leerders wil vorm wat ’n positiewe bydrae tot die breë gemeenskap sal kan maak.

Graad R afdeling

In die Graad R klasse streef ons die volgende doelwitte na:

- Die kleuters se geluk en positiewe beleving van skool en die leersituasie.
- Godsdienstige en etiese vorming.
- Estetiese ervaring van die natuur, musiek, skeppende aktiwiteite en handwerk.
- Aanleer van 'n vaste roetine en discipline.
- Sosiale ontwikkeling en bevordering van gesonde verhoudings met maatjies en volwassenes.
- Gesonde emosionele aanpassing.
- Ontwikkeling van groot- en kleinspierbeheer en koördinasie.
- Stimulering en bevordering van taalontwikkeling.
- Totale skoolgereedheid op sosiale, emosionele, kognitiewe (verstandelike) en fisiese gebied.
- Positiewe selfbeeld, voldoende selfvertroue en die vermoë om 'n uitdaging aan te pak.

Skooltye van Graad R

Let wel : Die eerste en tweede week is die tye as volg : **07:30 – 11:00**

Eerste en vierde kwartaal : **07:30 – 12:15**

Tweede en derde kwartaal : **08:00 – 12:45**

Daar sal streng volgens hierdie tye gewerk word. Uself of 'n verantwoordelike persoon moet die kleuter by die skool besorg en weer kom haal. Die veiligheid van u kind bly vir ons van kardinale belang, daarom sal die hekkie gesluit word en middag weer oopgesluit word. (Sien tye bo)

Ons verwag dat die kleuters gereeld elke dag die volle dag by die skool sal deurbring indien hulle gesond is. Die Graad R klasse is nie 'n crèche nie, maar wel 'n sentrum vir onder-rig. Elke dag se werk word gebasseer op die werk van die vorige dag. Ons wil u dus vriendelik vra om nie u kleuter onnodig uit die skool te hou nie. Dit vertraag die sosiale en emosionele aanpassing geweldig. Indien u kind siek is en nie skool kan bywoon nie, moet u asseblief die sekretaresse voor 09:00 by (023) 626 3139 skakel.

Ouerbesoeke

Aan die begin van die jaar word daar `n algemene inligtingsaand vir alle ouers in die saal gehou. Daarna verdeel ouers in klasverband en inligting word ook daar gegee. Tydens die eerste week van kwartaal 2-4 is daar ook 10 minuut afspraak wat u met die onderwyseres kan maak. Dit sal waardeer word indien u moeite sal doen om elkeen van hierdie geleenthede by te woon. Skakeling tussen die ouerhuis en skool is vir ons van kardinale belang.

Verversings

Elke dag word begin met `n goeie ontbyt tuis. U moet asseblief toesien dat u kleuter met `n goeie ontbyt skool toe kom. Geen lekkers of koekies word toegelaat nie. In `n poging om vir ons kinders gesonde eetgewoontes aan te leer, word `n vriendelike versoek tot u gerig om verkieslik bruin-of growwe brood toebroodjies en/of vars vrugte en/of vrugtesap of melk saam skool toe te stuur. Voldoende vars voedsel en genoeg slaap is absoluut noodsaaklik vir u snel groeiende kind.

Speelgoed

Speelgoed mag nie saam skool toe gebring word nie. Dit veroorsaak baie probleme.

Kleredrag

Alle kleuters word versoek om `n ekstra stel klere en onderklere in `n plastieksakkie in hul kassie te hou. ALLE SKOENE EN KLERE MOET ASSEBLIEF DUIDELIK GEMERK WEES. U word vriendelik versoek om die kleuters in ou, gemaklike speelklere te klee. Moenie u kind vra om skoon en netjies te bly nie, dit is heeltemal onmoontlik en plaas groot druk op u kind. In die Graad R klasse leef en speel ons met oorgawe, ons mors, ontdek en ervaar deur vrye eksperimentering, WANT SO LEER ONS.

Benodigdhede

`n Volledige pakket met al die kleuter se skoolbenodigdhede kan by die sektretaresse gekoop word. Elke kleuter moet `n duidelik gemerkte rugsak, kosblik en koeldrankbottel hê.

(GEEN wieletjie-tasse nie)

Ouers voorsien die volgende :

- : 1 bottel vloeibare seep
- : 1 boks sneesdoekies
- : 6 rolle toiletpapier
- : 1 riem 80g Rotatrim papier
- : 1 bottel koue lym (1liter)

Vorderingsverslae

Aan die einde van elke kwartaal word `n vorderingsverslag aan u gestuur. Lees dit asseblief noukeurig deur en stuur dit die volgende kwartaal weer skool toe.

Graad 1 – 3

In Graad 1-3 streef ons na die volgende doelwitte:

1. Om onderwys van hoogstaande gehalte aan leerders te voorsien.
2. Om in leerders se opvoedkundige behoeftes te voorsien, sonder om op enige wyse onregverdig te diskrimineer.
3. Om leerders in Afrikaans en Engels te onderrig.
4. Om behoudens die bepalings van artikel 7 van die Wet, godsdiensbeoefening by die skool op 'n billike wyse te laat geskied en om die bywoning daarvan deur leerders en personeellede op 'n vrywillige grondslag te laat plaasvind.
5. Om die skoolfonds, alle opbrengste daaruit en alle bates van die skool slegs te gebruik ooreenkomstig die bepalings van artikel 37 van die Wet en dienste, sowel as fasiliteite daar te stel in belang van die leerders en van die onderwys.
6. Om finansieel so te funksioneer dat die skool sy verpligtinge sal kan nakom.
7. Om die gemeenskap te dien deur leerders so voor te berei dat hulle as goed opgevoede persone hulle plek in die gemeenskap sal kan inneem.
8. Om aan die personeel van die skool die geleentheid te bied om professioneel te groei, werksbevreëdiging te kry en sodoende onderwys van hoogstaande gehalte te lewer.
9. Om 'n bydrae te lewer tot die bevordering van sport en kultuur in die algemeen, maar in besonder om sport- en kultuurbedrywighede as opvoedingsgeleenthede te benut tot voordeel van die leerders in die skool.

Skooltye van Gr.1-3

Somer Gr. 1+2 : 07:20 – 13:15

Winter Gr. 1+2 : 07:50 – 13:45

Somer Gr. 3 : Maandae, Woensdae, Vrydae : 07:20 - 13:15
Dinsdae + Donderdae : 07:20 – 13:45

Winter Gr. 3 : Maandae, Woensdae, Vrydae : 07:50 – 13:45
Dinsdae + Donderdae : 07:50 - 14:15

Ouerbesoeke

Aan die begin van die jaar is daar 'n algemene inligtingsaand waar alle ouers in die saal oor algemene reëlings ingelig sal word. Daarna verdaag ouers na klasse waar klasreëlings aan ouers gegee sal word. Tydens die eerste week van kwartaal 2,3 en 4 sal daar 'n geleentheid vir ouerbesoeke wees. Hierdie besoeke sal 10 minute duur en afsprake sal met die nodige briewe aan u gekommunikeer word.

Omsendbriewe

Ten einde seker te maak dat alle omsendbriewe die ouerhuis bereik, moet die ouer die gedeelte wat voorsiening maak vir die teken van omsendbriewe agter in die huiswerkboek getrou voltooi. Dit word die daaropvolgende skooldag deur die leerder aan die klasonderwyseres getoon. Alle leerders se omsendbriewe word gekontroleer, nie net oudstes nie. Die BB.com wat die skool se weeklikse omsendbrief is, gaan elke Woensdag huis toe.

Skriftelike versoeke

’n Onderwyseres kan haar nie verlaat op leerders se boodskappe nie. Dit word by die leerders aanbeveel om liever vir hul ouers te vra om ’n briefie te stuur as hulle ’n versoek wil rig. Die huiswerkboek kan hiervoor gebruik word. Onderwyseres erken ontvangs deur te parafeer in die huiswerkboek. ’n Gedeelte in “flipfile” maak ook voorsiening daarvoor.

Huiswerk en huiswerkboeke

Elke leerder ontvang ’n gratis huiswerkboek waarin daaglikse huiswerk afgeskryf moet word en gebruik van hierdie huiswerkboek is verpligtend. Ouers is behulpzaam met die kontrole van huiswerk, deur toe te sien dat die werk wel afgehandel word en daarby te teken. Tydens afwesigheid is elke leerder self verantwoordelik vir die inhaal van agterstallige werk.

Afwesigheid

Wanneer ’n leerder afwesig is, moet daar voor 09:00 die betrokke dag geskakel word na die skool of as hulle na die skool terugkeer, moet daar ’n briefie van die ouer/voog aan die klasonderwyseres besorg word waarin kortliks die rede vir afwesigheid verstrekkend word. Dit is die leerder se plig om agterstallige werk in te haal. Langer as 2 dae afwesig, moet ’n doktersbrief getoon word.

Skryfbehoeftes

Daar sal ’n volledige pakket vir die graad 1 leerders, met al die nodige skryfbehoeftes vir hul aanvang by die skool wees. Tekorte moet deur die loop van die jaar self deur ouers aangevul word. Hierdie pakket is by die sekretaresse te koop. Vir Graad 2 en 3 is daar ’n volledige lys van skryfbehoeftes. Alle skryfbehoeftes is by die sekretaresse beskikbaar. Elke leerder ontvang ’n gratis huiswerkboek. Onderwysers sal deur middel van die huiswerkboek tekorte aan skryfbehoeftes kommunikeer. Alle skryfbehoeftes moet die eerste dag van die skooljaar by die skool wees.

Ouers voorsien die volgende:

- 1 bottel vloeibare seep
- 1 boks sneesdoekies
- 6 rolle toiletpapier
- 1 riem 80g Rotatrim papier

Sport

Tydens die somer word atletiek, mini-krieket en tennis aangebied. Tydens die winter word rugby, netbal en hokkie aangebied.

Kultuur

Daar is weeklikse algemene kennis wat gedoen word. Musiek, koor, redenaars en vasvra word ook gedoen. Deelname aan die konsert, Eisteddfods en Jeugkunstefees geskied ook- 1 jaar konsert, 1 jaar kultuuraand/fees.

Skooldrag

Somersdrag : Seuns : Donkerblou kortbroekie met ligblou RVS hempie
Dogters : Donkerblou broek-rompie met ligblou RVS hempie

Wintersdrag: Dogters en seuns is:
Quantic sweetpak
wit sokkies
oorwegende wit sport tekkies met wit veters
'n Donkerblou V-nek trui of oortrektrui kan onder sweetpak gedra word,
maar nie alleen saam met sweetpakbroek nie.
Ligblou RVS skoolhempie

Sportklere vir seuns en dogters is : donkerblou kortbroekie/broekrompie met ligblou RVS hempie

Skooltas is slegs donkerblou (geen wieletjies nie)

Klerebank

Die klerebank verkoop alle skoolklere, uitsluitende sokkies, pt-broekies, skoene, skooltas en skooltruie, teen kosprys. Tye vir die klerebank is Dinsdae en Donderdae vanaf 13:30 tot 14:30.

Vorderingsverslae

Aan die einde van elke kwartaal ontvang elke leerder 'n vorderingsverslag wat op die formele assessering van die kwartaal gebaseer is. Ouers moet dit deeglik bestudeer en die eerste dag van die volgende kwartaal weer terug skool toe stuur.

Verpligte skoolgelde

Skoolgelde word jaarliks vasgestel na oorleg met die breë ouerkorps. Dit kan verkieslik maandeliks (oor 10 maande), kwartaalliks of jaarliks betaal word.

Die Graad R afdeling se skoolgelde (oor 10 maande) is streng vooruitbetaalbaar.

Skool bankbesonderhede: VOORBEREIDINGSKOOL ROBERTSON
ABSA BANK
REK NO.: 1200 700 607
TAKKODE: 334713

Gedragkode vir Robertson Voorbereidingskool

Opgestel soos bepaal in Die Grondwet van die Beheerliggaam van die S.A. Skolewet en die buitengewone Provinsiale Koerant no. 5190 van 31 Oktober 1997.

Beginnels soos deur die Beheerliggaam onderskryf

Die beheerliggaam van hierdie skool aanvaar die volgende beginsels as onderliggend aan die funksies en werksaamhede aan hom verleen:

- ❑ Die beheerliggaam in samewerking met die skoolhoof bepaal die beleid t.o.v. die skool se bedryf en bestuur.
- ❑ Die skoolhoof as uitvoerende bestuurder is die departementele verteenwoordiger by die skool en sal toesien dat die skoolbeleid uitgevoer word.
- ❑ In hierdie skoolgemeenskap is 'n gedragkode noodsaaklik om die opvoedkundige doelstellings van die skool te bereik.
- ❑ Orde, dissipline en respektering van elke individu vorm die grondslag vir sukses en 'n gelukkige skoolgemeenskap.
- ❑ Christelike beginsels dien as grondslag vir die gedragkode.

Doelstellings van die gedragkode

- ❑ **Om** aan elke leerder die reg van toegang tot basiese opvoeding en van toegang tot 'n skool te bied.
- ❑ **Om** geen diskriminasie t.o.v. ras, kleur, geslag, geloof, godsdiensoortuiging, kultuur of taal toe te laat nie.
- ❑ **Om** elke leerder die volle geleentheid te gee vir optimale verwesenliking van vermoëns, besondere eienskappe, behoeftes en talente.
- ❑ **Om** die kind die beginsel te leer van 'n gees van samewerking, ondersteuning, selfdissipline en gehoorsaamheid.
- ❑ **Om** aan elke kind 'n veilige omgewing daar te stel waar fisieke beserings sover menslik moontlik beperk word.
- ❑ **Om** as skool en ouers in vennootskap die beste aan die kind te bied.

Regte van opvoeders en leerders

Alle opvoeders en leerders het die reg:

- Om te werk en te leer sonder om gesteur te word;
- Op onderrig ;

- Om na geluister te word;
- Om in 'n skoon, veilige en ordentlike omgewing te werk;
- Om regverdig behandel te word;
- Om sy/haar kant van die saak te stel;
- Om deel te wees van die skool solank as wat sy/hy vereenselwig met die waardes en norme en dit handhaaf;
- Op 'n onderrigomgewing binne 'n kultuur van onderrig en leer;
- Om reggehelp te word waar hy/sy fouteer;
- Om leerders verantwoordelikheid te leer vir hul dade, optrede en gedrag.

Skoolreëls

Alle leerders verbind hul:

- Om waar hulle hul ook mag bevind insluitende uitstappies en sportdae deur hul optrede, voorkoms en taal dié skool waardig te wees.
- Om altyd hoflik en konsidererend op te tree.
- Om lojaal teenoor die skool, opvoeders en ander leerders te wees en nie die goeie naam van die skool te skaad nie.
- Om getrou aan ons skoolreëls te wees.
- Om pligsgetrou in die uitvoering van skoolwerk en skoolbywoning te wees.

1. Algemene gedragsreëls

1. Geen bakleiery, afknouery of gevaarlike speletjies met o.a. skerp voorwerpe word op die skoolterrein toegelaat nie.
Alle leerders het die reg om te leer sonder intimidasie, inmenging, ontwigting of mishandeling/belediging.
2. Daar mag nooit binne die skoolterrein met 'n fiets gery word nie. Dieselfde geld vir rollemskaatse en "J-boards". Geen rondrentel of spelery in die gange, voorportaal, op die trappe of in die toilette sal toegelaat word nie.
3. Enige vorm van vandalisme is verbode en geen leerder mag oor hekke of drade klouter of enige ruite en ander eiendom met opset beskadig nie. Die ouer of wettige voog van enigeen waar dit bewys word dat hy/sy opsetlik enige skool-eiendom misbruik, beskadig of ontsier, moet dit vervang of betaal vir die eiendom wat beskadig is.
4. Die skoolterrein mag nie sonder toestemming verlaat word nadat die skool in aanvang geneem het nie.

5. Leerders moet stiptelik by skool- en buitemuurse bedrywighede opdaag. Geen kos of enige besittings mag oor die draad ontvang word nie.
6. Alle personeel, leerders, ouers en besoekers word met respek behandel.
7. Niemand mag van die skool wegbly sonder 'n geldige rede nie. 'n Brief of telefoon oproep (voor 09:00) word verlang van die ouer ter verduideliking van afwesigheid. Na 2 dae se afwesigheid moet 'n doktersertifikaat ingehandig word.
8. Die skool of ander mense se eiendom moet met respek behandel word en geen leerder mag hom/haar skuldig maak aan bv. diefstal nie.
9. Siek leerders sal in die siekeboek gedurende pouses geakkommodeer word.
10. Geen afskryf of afkyk van werk of huiswerk in formele of informele toetse is toegelaat nie.
11. Vloektaal, diskriminerende of rassistiese aanmerkings is verbode.
12. Die besit of lees van enige aanstootlike literatuur is verbode.
13. Alle rommel moet in vullisblikke/dromme gegooi word.
14. Geen leerders mag met brandblussers, tuinslange of sproeiers speel of hanteer nie.

2. Gange

1. Geen leerder word sonder toestemming voor skool of gedurende pouses in klaskamers of gange toegelaat nie.
2. Tydens reëndae mag leerders gedurende pouses hulself rustig besig hou in klaskamers en voor skool op stoep onder dak.
3. Klaswisseling en beweging in gange geskied altyd ordelik en flink. Leerders stap in 'n reg uit, enkel rye.
4. Geen mure, plakkate of kunswerke in gange mag bekrap of beskadig word nie. Gange is 'n vertoonstuk van ons leerders se werk.

3. Klaskamers

1. Die algemene netheid van ons klaskamers is almal se verantwoordelikheid en moet te alle tye netjies gehou word.
2. Geen banke of tafels mag bekrap word nie.
3. Geen leerder verlaat 'n klaskamer sonder die leerkrag se toestemming nie.
4. Die nakoming van klasreëls deur leerders en opvoeders opgestel, is verpligtend.

4. Klokke

1. Wanneer die klok lui, tree leerders onmiddellik in rye aan.
2. Geen laat kom of gesels in rye sal geduld word nie.

5. Kleedkamers

1. Kleedkamers moet ten alle tye netjies en sindelik gehou word.
2. Geen spelery of samedromming word daar toegelaat nie.
3. Gedurende skoolure moet daar stilte heers.
4. Leerders moet kleedkamers onder toesig besoek.
5. Geen vandalisme bv. gekrap op deure of mure, beskadiging van vensters, toilette, wasbakke ens. sal geduld word nie.

6. Persoonlike voorkoms en kleredrag

1. Leerders moet ten alle tye voldoen aan die algemeen aanvaarbare standarde vir persoonlike netheid, sindelikheid en higiëne. Die leerder is die beeldraer van ons skool.
2. Leerders moet die voorgeskrewe somers- en wintersdrag dra.
3. Indien 'n leerder weens onvermydelike omstandighede hiervan moet afwyk, moet skriftelike toestemming verkry word.
4. Naels moet skoon en kort wees en geen naellak word toegelaat nie.
5. Slegs die klein, dun, goud of silwer ooringe of knoppies (studs) word vir dogters toegelaat. Die dra van ooringe vir seuns is nie toelaatbaar nie.
6. Geen juweliersware, behalwe polshorlosie wit of donkerblou (nie gekleur nie) en "Medic-Alert" bandjies, word toegelaat nie.
7. Hemde mag nie uithang nie.
8. Tekkies moet oorwegend wit wees met wit veters en wit enkelsokkies.
9. Klein Robbie "Flipflops" mag saam met somersklere gedra word.
10. Klere moet duidelik gemerk wees.
11. Geen gekleurde T-hemde mag onder skoolhemp gedra word nie.
12. Geen fietsrybroeke of 'ski-pants' is toelaatbaar nie.
13. Slegs donkerblou ("navy") serpe en handskoene mag gedra word (geen musse nie).
14. Truie mag slegs onder sweetpakbaadjie gedra word.
15. Netheidskontrole sal deurgaans gehou word.

7. KLEREDRAG : SPORT

1. Seuns en dogters: donkerblou kortbroek/broekrompie en ligblou RVS hempie is verpligtend.
2. Geen ander klere is toelaatbaar nie.

8. Hare : Dogters

1. Hare moet altyd netjies versorg wees en nie in die oë hang nie.
2. Wanneer hare skouerlengte bereik, moet dit vasgemaak word.
3. Slegs wit of donkerblou rekkies, frommelrekke, haarbande ("Alice Bands") of linte sonder enige versierings is toelaatbaar.
4. Allerlei uitspattige haarstyle en kleur van hare is ontoelaatbaar. Dit sal resorteer in die diskresie van die skoolhoof en bhl.

9. Hare : Seuns

1. Seuns se hare moet netjies versorg wees en mag nie aan die kraag of aan die wenkbroue raak nie.
2. Hare mag nie oor ore hang nie.
3. Geen jel in hare nie.
4. Allerlei uitspattige haarstyle en kleur van hare is ontoelaatbaar.
5. Sny van patrone / lyne in hare is verbode. Dit sal resorteer in die diskresie van die skoolhoof en die bhl.

10. Orde -reëls

Behalwe bostaande skoolreëls, bestaan daar orde-reëls wat toegepas word vir die handhawing van goeie dissipline en orde en om die skool se totale werking en funksionering te rig.

Die dissiplinêre stelsel

Elke onderwyseres is verantwoordelik en het volle gesag om die gedrag van leerders te korrigeer of enige oortredings aan te spreek. Daar word ook van onderwyseresse verwag om volgens die gedragskode op te tree.

Daar word van die leerders verwag om die reëls en dissiplinêre stelsel van die skool na te kom.

Dissiplinêre intervensies

1. Die volgende lys van intervensies word deur die skool gebruik voordat skorsing en uitsetting plaasvind.
 - 'n Mondelike waarskuwing. (Korrekte gedrag aan te moedig).
 - Geskrewe waarskuwing.
 - Kontak ouers – Afspraak.
 - Finale waarskuwing (ook na ouers/voogde.)
 - Verwyder uit klas na (soos gereël word)
 - Verwys vir berading.
 - Boetes om skade te herstel.
 - Uitsluiting van skoolaktiwiteite.
 - Skorsing (tydelik) uit klassituasie.
 - Dissiplinêre verhoor.
2. Geen verandering van gedrag met korrektiewe maatreëls en intervensies – lei tot 'n hoër graad oortredings.
3. Gedrag wat kan lei tot skorsing.
 - Gedrag wat ander leerder se veiligheid bedreig.
 - Kriminele gedrag van enige aard.
 - Beskadiging of vernietiging van die skool se eiendom.
 - Vloektaal/ terugpraat/vuiltaal/laakbare taal of enige verbale belediging gerig op opvoeders, ander skool amptenare of ander leerders.
 - Uitdaging en uittarting van gesag.
 - Graffiti, rassisme of haatspraak.
 - Seksuele teistering of seksuele aanval.
 - Immorele gedrag.
 - Enige vorm van dwelms, alkohol of ander toksiese middels.
 - Herhaaldelike oortredings van gedragskode.
 - Besit van vuurwapens, wapens (messe, swaarde) en/of ander voorwerpe wat leerders en opvoeders se lewens bedreig.

Bemagtiging van personeel dmv dissiplinêre prosedure

Die basis van dissipline handhawing van die skool geskied deur middel van 'n beloningstelsel. Die stelsel word jaarliks hersien en skriftelik aan ouers deurgegee.

Elke personeellid is bemagtig om 'n leerder wat steurend, ontwrigtend en tydverkwistend optree, ook te hanteer op een van die volgende wyses, met inagneming dat elke situasie op meriete hanteer sal word:

1. Mondelinge waarskuwing
2. Die leerder tydelik van die klassituasie uitsluit totdat die versuim/oortreding reggestel is of die kind onderneem om sy/haar gesindheid te wysig.
3. Aantekening van oortreding in strafboek/lêer/gedragskaart.
4. Rapportering aan prinsipaal.
5. Ouerbetrokkenheid verkry.
6. Ernstige wangedrag word egter in ooreenstemming met die S.A. Skolewet 84 van 1996, hanteer. Daarvolgens kan 'n leerder tydelik of selfs permanent geskors word, nadat korrekte prosedure vir 'n regverdige dissiplinêre verhoor gevolg is soos ter insae by die skoolhoof. Dit word deur die beheerliggaam, skoolhoof en departement hanteer.

Prosedure vir dissiplinêre verhoor

Die prosedure wat gevolg word en uiteensetting van aksies is ter insae by die skoolhoof.

'n Laaste woord

Wat ook al vooraf vermeld is, word gedoen om te verseker dat die kind in die sorg van Robertson Voorbereidingskool die beste geleentheid ter verwesenliking aan die eie self, ontvang.

Die skool onderneem om by te dra dat elke kind sal word wat hy/sy veronderstel is om te word.

U word 'n verrykende verbintenis met die skool toegewens.